



MEGANIESE SNOEI VAN WYNDRUIWE

2. MEGANIESE TEENOOR HAND-SNOEI

Hoewel hand-snoei deur die meeste produsente vir hulle topwingerde verkies word, bring toenemende arbeid tekorte en -kostes mee dat meer en meer wingerde meganies gesnoei moet word. Ten spye van insettiewe om snoeiers bonusse te betaal wanneer hulle meer as die norm-getal stokke per dag snoei, bly produktiwiteit en die korrekte toepassing van die gekose stelsel steeds 'n kopseer. Dit bring verder mee dat meganiese snoei 'n al hoe meer aantreklike opsie vir produsente word. Meganiese snoei is egter nie sonder uitdagings nie. Werkers moet baie goed opgelei word om duur en elektronies gesofistikeerde apparate doeltreffend te gebruik. Hulle moet die basiese onderhou kan verrig en die instellings van die masjiene op 'n blok-basis kan toepas ten einde maksimum doeltreffendheid te handhaaf.

2.1 Resultate van verskillende snoeproewe:

- Met 'n snoeproef in Simondium met Sauvignon blanc/101-14 Mgt is die volgende gemiddelde produksies oor 'n ses jaar periode verkry: Cazenave 8.7 t/ha; Sylvoz 11.5 t/ha; meganiese snoei 10.6 t/ha en kortdraer 7.9 t/ha.
- Die invloed van meganiese snoei op die opbrengs en druifsmestelling van Cabernet Sauvignon/Richter 110 in Stellenbosch vanaf 1994-2002 was as volg:
 - Oor 'n nege jaar periode het meganiesgesnoede Cabernet Sauvignon/Richter 110 wingerdstokke in Stellenbosch gemiddeld 10.03 t/ha meer druive geproduseer as die handgesnoede (kortsnit) kontrole. Daar was geen verskil in die druifsmestelling nie, maar die druive van die meganiesgesnoede persele het opmerklik meer geurige wyne gelewer as gevolg van die oophangende lower, maar het 'n laer ekstrak gehad.
- Die invloed van meganiese snoei op die prestasie van Cabernet Sauvignon/Richter 99 op Nietvoorbij in Stellenbosch vanaf 2000-2005 was as volg:
 - Die druive vanuit die handgesnoede persele het wyne met 'n hoër vegetatiewe karakter as dié vanuit die meganiesgesnoede persele gelewer.
 - Oor 'n vyf jaar periode het meganiesgesnoede wingerdstokke bykans 8 t/ha meer druive as die handgesnoede (kortsnit) persele gelewer. Alhoewel daar geen verskille in die suikerkonsentrasie voorgekom het nie, was die suurkonsentrasie en die pH van die handgesnoede stokke hoër.
- Die invloed van meganiese snoei op die prestasie van verskillende kultivars op Richter 99 op die Landbou Navorsingsraad (LNR) se Robertson proefplaas vanaf 2001-2006 was as volg:

- o By al die kultivars het meganiese snoei betekenisvol hoër opbrengste oor die ses jaar periode gelewer, terwyl daar weinig verskille in die chemiese samestelling van die druwe was.
- o Op dié Robertson proefplaas, oor 'n ses jaar periode, het Chardonnay gemiddeld 5.4 t/ha, Chenin blanc 10.1 t/ha, Colombar 7.5 t/ha, Sauvignon blanc 11.4 t/ha, Ruby Cabernet 4.1 t/ha en Shiraz 7.9 t/ha meer druwe met meganiese snoei as met hand-snoei (kortsnit) gelewer. In alle gevalle was daar geen noemenswaardige verskille in die chemiese druifsamestelling nie.

2.2 Die koste van meganiese snoei:

Vir die koste van meganiese snoei verwys na tabel 1. 'Halwe ry' verwys na masjiene wat slegs die bokant en een kant van die ry op 'n slag snoei. 'Vol ry' verwys na masjiene wat die bokant, sowel as weerskante van die ry terselfdertyd snoei.

Tabel 1: Die koste van meganiese snoei wanneer daar vergelyk word tussen halwe en vol rye

Tipe masjien	Halwe ry	Vol ry
Aankooprys (R)	212 000	261 397
Waardevermindering (R/uur)	191	235
Rente (R/uur)	52	65
Totale vaste koste (R/uur)	243	300
Herstel en onderhoud* (R/uur)	74	91
Totale koste (R)	317	391
Totale koste sonder rente (R/uur)	265	327
Trekkerkoste (R/uur)	171	171

* 30% van nuwe prys